education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS HUISTAAL V3

## NOVEMBER 2008

**PUNTE: 100**

**TYD: 2½ uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Kies en beantwoord EEN vraag uit ELKE AFDELING in hierdie vraestel.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings, naamlik AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

   AFDELING A: Opstel (50 punte)

   AFDELING B: Langer transaksionele tekste (30 punte)

   AFDELING C: Korter transaksionele tekste (20 punte)

3. Nommer die skryfstukke wat jy kies, korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is en dui die onderwerp duidelik aan.


4. Voer die opdragte by elke vraag wat jy kies, noukeurig uit.

5. Skryf netjies en leesbaar met blou ink.

6. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

7. By elke vraag moet genoegsame bewyse van beplanning/redigering wees. Redigering kan met potlood op die beplanningsweergawe(s) gedoen word.

   Hieronder volg 'n VOORBEELD van hoe beplanning/redigering gedoen KAN word:




8. Punte word vir *beplanning/redigering, taal, styl* en *inhoud* toegeken.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: KREATIEWE TEKSTE (OPSTEL)

### VRAAG 1

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n OPSTEL van 400 – 450 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

1.1 Skryf 'n VERHALENDE OPSTEL met die volgende titel:

Agter die groen deur … **[50]**

**OF**

1.2 Is 'n mens suksesvol omdat jy gelukkig is, of is jy gelukkig omdat jy suskesvol is?

Skryf 'n BESPIEGELENDE OPSTEL met die volgende titel:

Geluk voor sukses?




[Bron: *Vrouekeur*, 6 Augustus 2007] **[50]**

**OF**

1.3 Skryf 'n FEITE-OPSTEL oor die finansiële implikasie van die matriekafskeid vir ouers na aanleiding van die volgende navorsing wat jy gedoen het. Voorsien jou eie titel.

> 'Ek weet nog nie eens waar die funksie is nie, maar moet reeds R500 se toegangsgeld betaal,' sê 'n ma van 'n matriekleerling in die Moot. Sy is 'n enkelouer wat verder moet begroot vir die prys van 'n rok, skoene, hare, naels en – as sy tweede kom in die onderhandelinge met haar dogter – 'n tiara van meer as R300.

- **Skoene** R200 – R2 500
- **Aandpak** R289 – R7 000
- **Juwele** R300 – R600
- **Grimering** R150 – R600
- **Koets** R2 300 – R3 300
- **Fotosessie per uur** R750 – R1 500
- **Naels** R80 – R230
- **Rok** R800 – R1 200
- **Limousine** R1 400 – R2 950

**TOTAAL: R1 819 – R23 430**

[Bron: *Tshwane-Beeld*, 1 Augustus 2007] **[50]**

**OF**

1.4 Skryf jou respons op die volgende gedigaanhaling neer.


'Die sag skemer-uur as die see deinserig
vir die rooi son sug,
as die land droom van see
word,

as die vlees wil-wil mens word …'

[Danie Marais, *Uit die buitenste ruimte* (Tafelberg)] **[50]**


1.5 Kies een van die prikkels en ontwikkel jou eie tema. Die aard van die opstel kan verhalend, beskrywend, beredenerend, feitlik, betogend of bespiegelend wees.

1.5.1




[Bron: *Sarie*, Augustus 2007]

1.5.2




[Bron: *Huisgenoot*, 26 Februarie 2007]

1.5.3




[Bron: *Sarie*, Augustus 2007]

1.5.4



[Bron: *Clipart*]

1.5.5



[Bron: *Vrouekeur*, 12 April 2007]

1.5.6




[Bron: *Uilskuikens*, *Beeld***,** 19 November 2007] **[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

## AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 2

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 180 – 200 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk aan.

2.1 As tiener wil jy die sterre volg, streef na die geluk wat die onvoorspelbare bring en naweke ONTSPAN. Maar die werklikheid is anders. Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan 'n vriend/vriendin waarin jy hom/haar vertel hoe bedrywig jou naweke werklik is.




**OF**

2.2 Skryf 'n KOERANTBERIG na aanleiding van EEN van die onderstaande koppe.

D-DAG VIR SA

Gr 12's sukkel

'n Fees met gees!

Gru-ongeluk op N1

Honde ingespan vir soektog

Ons bibber in koue se kloue

Dwelms in spogskool gevind

**[30]**

**OF**

2.3 Reklame speel 'n groot rol in die versterking van geslagstereotipering. 'n Babaseuntjie word byvoorbeeld in blou en 'n babadogtertjie in pienk afgeneem. Skryf 'n TOESPRAAK waarin jy die nadele van hierdie tipe geslagstereotipering onder die loep neem. (Die toespraak gaan tydens julle jaarlikse debatskompetisie gelewer word.) **[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORTER TRANSAKSIONELE TEKSTE

### VRAAG 3

- Kies EEN van die volgende opdragte en skryf 'n skryfstuk van 100 – 120 woorde daaroor.
- Jy moet jou skryfwerk beplan en bewyse van beplanning/redigering gee.
- Dui jou finale produk duidelik aan.

3.1 **Die ABC van EERSTE AFSPRAKE**

| A | B | C |
|---|---|---|
| **Alkohol**: Te veel hiervan moet beslis op 'n eerste afspraak vermy word. 'n Drankie of twee kan jou dalk help om 'n bietjie te ontspan as die senuwees | **Betyds**: Om betyds te wees vir 'n eerste afspraak is ononder-handelbaar. Daar is eenvoudig geen groter teken van 'n gebrek aan | **Chaos**: Iets wat jy liefs op 'n eerste afspraak wil vermy. As die ou jou by jou woonstel of huis ontmoet, maak seker die plek is aan die kant |

| | | |
|---|---|---|
| jou opkeil, maar 'n drank-asem is 'n doodsteek vir 'n eerste afspraak. | respek as om laat vir 'n afspraak op te daag nie. So, moenie jou metgesel 'n halfuur laat wag omdat jy nie kan besluit of jy die blou of die geel rok moet aantrek nie. | voordat jy hom innooi. |

[Bron: *Vrouekeur*, 16 Junie 2006]

Gee nog 'n paar ander WENKE wat jy dink nodig is vir 'n geslaagde eerste afspraak. (Jy kan hierdie skryfstuk puntsgewys, diagrammaties of in paragraafvorm aanbied.) **[20]**

**OF**

3.2 Ontwerp 'n STROOIBILJET namens julle skool se Natuurklub om aan te dui hoe herwinning 'n verskil kan maak. Maak van die onderstaande prikkel oor PET (poliëtileen tereftaal) gebruik om jou te lei in die ontwerp van die strooibiljet.

(LET WEL: Jy moet nie jou skryfstuk met grafika/sketse versier nie. Verskaf slegs die inligting.)



# HET JY GEWEET?

19 x 500 mℓ-PET-bottels is nodig om die vesel vir 'n standaard-kussing te maak.




Jou herwonne PET-waterbottel kan gebruik word om 'n X-straalfilm te maak.



Herwonne PET word gebruik om vesel vir duvets, kussings en slaapsakke te vervaardig asook poliëstermatte vir motors, plafon-isolering en geotekstiele om grond-erosie te beveg.







Industriële aanwending van herwonne PET sluit in die vervaardiging van vasmaak-bande en magnetiese bande op krapkaarte.

Jou herwonne PET-waterbottel kan uitgerol word in deurskynende velle of linte vir die maak van video-en oudio-kassette.







Deur 1 ton PET-houers te herwin, word 5,7 kubieke meter grond vulspasie gespaar.



[Bron: *Rooi Rose*, Januarie 2008]

**[20]**

**OF**

## 3.3 Verskonings, verskonings!

Skryf die beste verskonings neer wat jy al ooit oor skoolwerk, huiswerk, afwesigheid, ensovoorts gehoor of gebruik het. Jy kan hierdie skryfstuk puntsgewys, diagrammaties of in paragraafvorm aanbied. Hier is 'n paar verskonings oor huistake om jou gedagtes te prikkel:

- Ek stryk nie, want 'n gekreukelde uitrusting lyk interessanter.
- Ek stres nie meer oor my kamer nie, want ek wil nie 'n geplooide, beduiwelde ou heks word nie. **[20]**

**TOTAAL AFDELING C: 20**

**GROOTTOTAAL: 100**